# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (33/15)*

justchad_cga

*Justin Chadwick 28 Augustus 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "Never be afraid to raise your voice for honesty and truth and compassion against injustice and lying and greed. If people all over the world did this, it would change the earth" William Faulkner*

**RUSLAND WAARSKUWING – BOODSKAP VAN CGA VERTEENWOORDIGER IN MOSKOU**

Teen die einde van week 34 (op die 20ste Augustus) was die wisselkoers van die Roebel teenoor die USD 67. Op Maandag 24 Augustus was dit reeds meer as 71. Eerste Minister Anatoli Medvedev het op TV gesê dat die verswakking tydelik is en dat die Roebel na 'n sterker posisie sal terugkeer. Op dieselfde tyd was daar voorspellings van verdere afname in oliepryse, huidige devaluasie van die Chinese wisselkoers, ekonomiese probleme in die Verre-Oosterse lande en nou die ongunstige nuus van die New York Beurs – al hierdie faktore voorspel versterking van die USD en verdere verswakking van die Roebel. Volgens ontleders in Sberbak gaan die USD na 90 styg teen die einde van die jaar.

Sover was die handel lojaal om pryse te hou soos belowe aan die regering. Maar met die verswakking van die Roebel se koopkrag in die internasionale markte sal hul nie die pryse kan subsideer nie, en in die eerste plek van ingevoerde kommoditeite.

In die lig van bogenoemde situasie moet SA uitvoerders van vrugte (tans sitrus) bewus wees van die risiko's van nie-betaling deur Russiese invoerders.

Ons siening van die situasie in die Russiese mark is dat ons verder wil gaan en voorstel om dit as die laaste uitweg te sien. Buitengewone situasie vereis buitengewone optredes om verliese van die SA vrugtebedryf te verhoed. Dit word dus aanbeveel dat 'n streng boodskap (indien 'n strenger aanbeveling nie moontlik is nie) aan SA uitvoerders gestuur word om nie vrugte te verskeep sonder 100 persent betaling op die dag van laai nie. Ons siening as die kundiges is dat sulke voorwaardes deur omsigtige Russiese invoerders verstaan en positief aanvaar sal word. Vir invoerders is kommoditeite nou beter waarborge teen verliese as kontant in Roebels.

**CRI PRODUKSIE, GeïNTEGREERDE PLAAGBESTUUR EN SIEKTEBESTUUR WERKSWINKELS**

Registrasie: 09:00 – 10:00 ; R700 per persoon (plus R100 vir braai)

| **Datum** | **Tyd** | **Werkswinkel** | **Plek** |
|---|---|---|---|
| Dins - Woens Wed 15-16 Sept | 10:00 | **Limpopo** | Swadini, Hoedspruit 015-7955141 |
| Don - Vry 17-18 Sept | 10:00 | **Limpopo** | Loskopdam, Groblersdal 013-2623075 |
| Dins - Woens 22-23 Sept | 10:00 | **Mpumalanga** | CRI, Nelspruit 013-7598000 |
| Dins - Woens 29-30 Sept | 10:00 | **KZN & Swaziland** | Garden Court South Beach Hotel 031-4924005 |
| Don - Vry 1-2 Oct | 10:00 | **Oos-Kaap** | Mentorskraal, Jeffreysbaai 042-2931142 |
| Dins - Woens 6-7 Okt | 10:00 | **Wes-Kaap** | Piekenierskloof, Citrusdal 022-9213574 |

Produsente word herinner aan die belangrike werkswinkels. Vir registrasievorms kontak asb vir jeandeg@cri.co.za .

**GEPAK EN VERSKEEP**

Met meer as die helfte van suider-Afrika se Valencia-oes nou in kartonne, het die Valencia Fokusgroep hierdie afgelope week vergader en hul voorspelde uitvoervolume tot net onder 50 miljoen kartonne aangepas. Die Nawel Fokusgroep het ook hul voorspelling opwaarts aangepas. Die pomelo voorspelling is aangepas om die volumes wat reeds gepak is, te reflekteer. Die netto effek is dat die voorspelde volume amper "spot on" is met die aanvanklike skatting. Algemene goeie marktoestande kan tot nog 'n opwaarste hersiening lei.

| Tot einde Week 34 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 17.3 m | 14.9 m | 15.5 m | 14.1 m | 15.2 m | 15.3 m | **15.5 m** | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 7.4 m | 9.1 m | 8.9 m | 8.3 m | 8.3 m | 10 m | 9.7 m | 10 m |
| Suurlemoene | 10 m | 12.8 m | 13.9 m | 12.4 m | 13.2 m | 13.6 m | 14.3 m | 13.2 m |
| Nawels | 24.6 m | 24.3 m | 23.5 m | 23.1 m | 22.5 m | 25.1 m | **24.1 m** | 26 m |
| Valencias | 25.8 m | 26.4 m | 27.3 m | 17.8 m | 18.4 m | 49.1 m | **49.8 m** | 50.9 m |
| Totaal | 85.1 m | 87.5 m | 89.1 m | 75.7 m | 77.6 m | 113.1 m | 113.4 m | 115.7 m |